

SOUTH AFRICA / JUDGMENT

S v Louw (134/87) [1987] ZASCA 124 (1 November 1987)

[1987] ZASCA 124

COURT

Supreme Court of Appeal

BEFORE

Jacobs, Boshoff, Steyn

CASE / FILE NUMBER

134/87

Source: saflii.org · Research copy typeset by Esheria. Not court-issued or certified.

CHRISTINE FELICITY LOUWAppellant

en

DIE STAATRespondent

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(APPÉLAFDELING) In die saak tussen:CHRISTINE FELICITY LOUW AppellantenDIE STAAT
RespondentCoram: JACOBS, AR, BOSHOFF et STEYN, Wn ARR Verhoor: 19 November 1987

UITSPRAAK

BOSHOFF, WnAR :

Die appellante is in die streekhof op

Tzaneen skuldig bevind op 18 aanklagte van diefstal

ten /2

-2-

ten opsigte van geld wat sy gesteel het van kliente

van 'n handelsbank op Hoedspruit terwyl sy gewerk het

as onderrekenmeester in die bank. Die totale bedrag

wat daarby betrokke is, is R66 992,65 en is gesteel

oor 'n tydperk van September 1983 tot Februarie 1985,

ongeveer 17 maande..

Sy het 'n vorige veroordeling ten opsigte van
9 aanklagte van diefstal vir geld wat sy in 1977 van
kliente van 'n handelsbank op Warmbad gesteel het terwyl
sy as kassieré in die bank gewerk het. Die geld wat :daarby
betrokke was, was R1 212,70. Die aanklagte is saam-
geneem vir doeleindes van vonnis en sy is gevonniss tot
6 maande gevangenisstraf wat vir 3 jaar voorwaardelik
opgeskort /3

-3-

opgeskort is.

Die streeklanddros het haar gevonniss tot 5 jaar
gevangenisstraf waarvan 2 jaar gevangenisstraf vir 5 jaar
opgeskort is op voorwaarde dat sy nie weer skuldig bevind
word aan diefstal of bedrog of enige poging tot sodanige
misdrywe gepleeg gedurende die tydperk van opskorting nie
'n Appèl na die Transvaalse Provinsiale Afdeling
het misluk maar die hof het die volgende opdrag by die
vonniss bygevoeg

"Die saak moet spesifieke aandag van die gevangenisowerheid geniet sodat die psi-giaters kan
vasstel of sy 'n persoon is volgens hulle terminologie wat vatbaar is

vir /4

-4-

vir rehabilitasie en dat sy dan sodanige behandeling gegee word of gereël word dat sy dit kry wat
die beste resultate moontlik vir haar kan bewerkstellig."

Die appellante is nou hier in hoer beroep teen
die vonnis en die enigste grond waarop mnr Van der Merwe
namens haar in enige mate kon steun is dat die verhoorhof
en die hof benede 'n mistasting begaan het deur met die
oplegging van die vonnis die volgende punte te onderbeklem-

toon:

"1 Die aanbeveling van Dr Heystek, soos
in paragrafe G.1 en G.2 van sy verslag (bewysstuk B) vervat.

.2 Dat die Appellante intense berou ge-toon het.

.3 Dat die Appellante 'n sielkundige
probleem /5

-5-

probleem het en dat sy die nodige behandeling daarvoor ontvang.

4 Dat die Appellante haar opregte voorneme uitgespreek het om nie weer 'n betrekking te
aanvaar waar sy met ander mense se geld sal werk nie. 5 Dat die Appellante van meet af die
polisie met die ondersoek van die saak behulpsaam was. 6 Dat die Appellante haar intense
voorneme te kenne gegee het om die gesteelde geld aan die bank terug te betaal."

Na aanhoor van die appel het die hof die

appel van die hand gewys en onderneem om die redes

daarvoor in te handig. Die redes volg nou.

Die appellante was oorspronklik op 20 aanklagte

van diefstal aangekla. Met die verhoor van die saak

in /6-6-in die streekhof het die aanklaer aanklagte 14 en 15

teruggetrek en sy het toe skuldig gepleit op die oorbly-

wende aanklagte. Sy het 'n verklaring ingevolge art 112

van die Strafproseswet ingehandig waarin sy die volgende

verduideliking van haar optrede verstrek:

"1. Ek is die beskuldigde in bogenoemde saak.

2. Gedurende ongeveer 1981 het ek by die StandardBank te Hoedspruit begin werk as Klerk en
is ongeveer gedurende Mei 1984 aangestel as Onder-rekenmeester.

3. Gedurende die tydperk September 1983 tot Februarie 1985, terwyl ek werksaam was by die
Standard Bank te Hoedspruit, het ek, sonder dat ek daartoe geregtig was, geld ter waarde
van R66 992,65 gesteel. 4. Die geld was die eiendom van die verskeie persone gemeld in die
klagstate en het die persone almal rekeninge gehad by die Standard Bank te Hoedspruit. 5.
Ek het die volle beheer gehad van my man,

Daniel /7

-7-

Daniel Jacobus Louw, se tjekboekrekening by die Standard Bank te Hoedspruit en het ek ook die tjekboek en maandstate by die Bank gehou.

6. AD KLAGTES 1 en 12

Die persone gemeld in die klagstate het die bedrae daarin vermeld aan my oorhandig vir inbetaling op hulle onderskeie Plus-Plan-rekenings. Ek het die besonderhede van die transaksie ingevul op die betrokke se Plus-Planspaarboekie sonder om 'n ooreenstemmende inbetaalstrokie uit te maak. Ek het toe die geld gevat en direk inbetaal op my man se rekening cm van tyd tot tyd tjeks daarteen uit te skryf en klein te maak. 7. AD KLAGTES 2, 3, 4, 5, 6, 7, 8, 9, 10, 11, 13, 16, 17, 19 en 20

In al hierdie gevalle het ek onttrekkings gedoen uit die betrokkenes, na verwys in die klagstate, se rekeninge deur die onttrekkingstrookies te voltooi en die geld direk te krediteer op my man se rekening waarteen ek bank tjeks uitgeskryf en kleingemaak het.

9. AD KLAGTE 18

In hierdie geval het die betrokke, vermeld in die klagstaat, 'n tjek vir die bedrag van R3 000,00 aan haar uitgemaak deur STANNIC aan /8

-8-

aan my oorhandig vir inbetaling op haar Plus-Planrekening en het ek, nadat ek die transaksie in haar Plus-Planspaarboekie aangeteken het, dit direk inbetaal op my man se rekening waarteen ek tjeksuitgeskryf en kleingemaak het.

10. Ek het ten opsigte van al die voorgaande

transaksies besef dat ek verkeerd doen en dat ek uitgang kon word maar kon myself daarvan nie weerhou nie.

11. Indien die Bestuurder en die Rekenmeester behoorlike kontrole uitgeoefen het oor die daaglikse transaksies van die Bank sou hulle dadelik agtergekom het dat ek die ongeoorloofde onttrekkings gemaak het uit die betrokkenes se rekening en sou hierdie situasie nie ontstaan het dat ek in staat was om dit te doen oor 'n tydperk van ongeveer agtien maande nie.

12. Ek besef dat ek 'n sielkundige probleem het wat daartoe aanleiding gegee het dat ek die geld gesteel het en het ek reeds sielkundige behandeling gaan aanvra by dr. J. Heystek te Pietersburg. "

Dit blyk uit die getuienis dat sy wel by

Dr /9

-9-

Dr Heystek was. Hy is 'n kliniese sielkundige op Pietersburg en het 'n verslag oor haar uitgebring. Die verslag is duidelik bedoel om 'n tydelike een te wees en Dr Heystek gee daarin te kenne dat hy 'n finale opinie kan gee "slegs by die beskikbaarstelling, aanhoor en inagneming van alle feitelike en tersaaklike gegewens."

Volgens die appellante het hy haar nooit gesê wat sy vindings was nie. Volgens Dr Heystek se verslag dwing die geheelbeeld van die appellante se persoonlikheidsfunksionering en haar gedragshandeling tot 'n psigodiagnose van Kleptomanie. By die verhoor in die streekhof het die appellante se prokureur en die staatsaanklaer nie hierdie diagnose as korrek aanvaar nie vir die eenvoudige

rede /10

-10-

rede dat die appellante oor 'n tydperk van sowat 17 maande groot bedrae geld periodiek op 'n berekende manier gesteel het van uitgesoekte persone wat nie nougeset en versigtig omtrent hulle geldsake is nie

Daar was geen aanneembare getuienis voor die hof van enige sielkundige probleme wat die appellante sou gehad het nie behalwe dat sy geneig is om te steel wat ook geblyk het uit die vorige veroordeling en die feite van die onderhawige saak. Dr Heystek verwys verder slegs na 'n emosionele probleem wat sy gehad het. Hoe dit ook mag wees, die hof benede het 'n opdrag tot die vonnis wat opgelê is, bygevoeg om te verseker dat die appellante in die gevangenis die nodige psigiatriese aandag /11

-11-

aandag kry

Die appellante het getuig dat sy ontsettend spyt is oor wat sy gedoen het en dat sy haar nie weer in posisie sal plaas om dit weer te kan doen nie.

Sy het oor 'n tydperk van sowat 17 maande R66 992,65 gesteel en wat opvallend is, is dat sy op 12 Januarie 1985 R9 000 {klagte 19) en op 16 Pebruarie 1985 R4 000 (klagte 20), 'n totaal van R13 000, gesteel het waarvoor sy nie behoorlik verantwoording kon doen toe die saak teen die einde van Februarie 19 85 onder die aandag van die polisie gekom het nie. Al wat sy bereid was om te erken

is dat sy dit op rokke, en allerhande bogterye en snuis-
terye /12

-12-

terye uitgegee het. Dit is klaarblyklik nie die waarheid
nie want sy kan nie, benewens die R53 992 wat sy toe reeds
al gesteel het, nog vanaf 12 Januarie tot einde Februarie
1985 R13 000 spandeer het waarvoor sy eintlik niks kon
wys nie. Sy was duidelik nie bereid om te openbaar
wat van die geld geword het nie. Haar intense voorneme
om die gesteelde geld aan die bank terug te betaal kan
onder die omstandighede sekerlik nie eg wees nie want
sy is klaarblyklik nie bereid om enige van die gesteelde
geld wat nog nie spandeer was, terug te betaal nie. Die
saak het onder die aandag van die polisie gekom op die
uiterste 14 dae nadat sy die R4 000 gesteel het
Die feit dat sy die polisie met die saak
behulpsaam /13

-13-

behulpsaam was, kan ook nie onder die omstandighede 'n
te belangrike oorweging wees nie want uit die aard van
die saak moes die polisie 'n baie - sterk saak teen haar
gehad het vanweë die groot bedrae wat elke keer gesteel
is ten opsigte waarvan daar bewyse moes gewees het dat
die appellante op een of ander manier met die bedrae
iets te doen gehad het.

Nadat mnr Van der Merwe na die beste van sy
vermoë probeer het om sy aanval teen die vonnis op die
voornoemde gronde te steun, moes hy in die lig van die

voorgaande feite sy saak ruitelik gewonne gee.

Die /14

-14-

Die appel is toe van die hand gewys.

Waarnemende Appelregter Ek stem saam

Ek stem saam

Source & reproduction note

Judgment wording, source notices and original paragraph numbers are retained. Esheria supplies the layout and this PDF's page numbers; these are not the source pagination. This is a research copy, not an official or certified court document. Check quotations, citations and publication restrictions against the original source before relying on it.

ORIGINAL SOURCE <https://www.saflii.org/za/cases/ZASCA/1987/124.html>

CASE PAGE <https://chat.esheria.ai/case-law/south-africa/s-v-louw-unknown-topic-asca-1987>

Prepared on 9 October 2026 · Esheria